kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Opinies oor Jesus en ons opinies oor ander mense

Skriflesing: Markus 3:20-35

Broodjies vir die pad

"Most people are other people. Their thoughts are someone else's opinions, their lives a mimicry, their passions a quotation."
— Oscar Wilde, De Profundis

"Everything we hear is an opinion, not a fact. Everything we see is a perspective, not the truth."
— Marcus Aurelius , Meditations

"A baby is God's opinion that the world should go on."
— Carl Sandburg

"What is your friend: the things you know, or the things you don't know. First of all, there's a lot more things you don't know. And second, the things you don't know is the birthplace of all your new knowledge! So if you make the things you don't know your friend, rather than the things you know, well then you're always on a quest in a sense. You're always looking for new information in the off chance that somebody who doesn't agree with you will tell you something you couldn't have figured out on your own! It's a completely different way of looking at the world. It's the antithesis of opinionated."
— Jordan B. Peterson

"A man must find time for himself. Time is what we spend our lives with. If we are not careful we find others spending it for us. . . . It is necessary now and then for a man to go away by himself and experience loneliness; to sit on a rock in the forest and to ask of himself, 'Who am I, and where have I been, and where am I going?' . . . If one is not careful, one allows diversions to take up one's time—the stuff of life."
— Carl Sandburg

"If you're going to say what you want to say, you're going to hear what you don't want to hear."
— Roberto Bolaño, The Insufferable Gaucho

"You can kiss your family and friends good-bye and put miles between you, but at the same time you carry them with you in your heart, your mind, your stomach, because you do not just live in a world but a world lives in you."
— Frederick Buechner

brandende boek

[jagger-biblioteek]

vandag se sondag het vlam gevat
en 'n hele biblioteek is afgebrand
daarmee saam het ou verhale
en geskiedenis
gesterf

daar is 'n molm vuurgat in die bome
dit bloei oor mure en die groot berg
dit sputter hel al hoe hoër tot waar
sterre nog vir oulaas oë knip
om agter rook die vrees te doof

ek hoor hoe stemme roep en gil:

god van vuur!
ek is 'n boek nét 'n boek
ek skilfersmeul in jou met slegs
'n laaste bladsy of twee

vuurgod! asseblief
ek is 'n oumensboek
i can't breathe ek knak
tot kraakswart roet

waarom hierdie pyn aanblaas
wie het jou getart tot wraak om
elke woord te laat knetter alle
letters laat verkrummel
tot 'n aslike niks
niks vir enige oog of hand niks
vir die hart om verledes te herleef
niks om die ingewande te vul
niks om soet soos heuning
in die mond te drup nie

jy het die mensdom in die steek
gelaat, aan eie lot versin, jy het geen
vinger verroer om 'n vonk te stuit

ek is 'n boek nét 'n boek
i can't breathe

brandomber
word ek
stof

Marlise Joubert (April 2021)

"Truly fine poetry must be read aloud. A good poem does not allow itself to be read in a low voice or silently. If we can read it silently, it is not a valid poem: a poem demands pronunciation. Poetry always remembers that it was an oral art before it was a written art. It remembers that it was first song."
— Jorge Luis Borges

May I live this day
Compassionate of heart,
Clear in word,
Gracious in awareness,
Courageous in thought,
Generous in love.
– John O'Donohue

Daar ís vrede te vind in tannie Joey se dorpie

Dana Snyman

Weet jy, ek kom staan elke- middag 16:00 hierso by my hekkie.

Ek is al 17 jaar weduwee, en ek was nou die dag 83. Ek staan maar hier en kyk wat ek sien.

Ja-nee, jong, ek sal jou sê, die Here is vir my baie goed. Ek is al van '62 af hier in die Vrystaat. Op Vrede. My oorle' man was bestuurder by die koöperasie. Hy was Carel, ek is Joey.

Van Rensburg.

Ja, ons ou dorpie is maar verniel. Ek dink ons mense kry finansieel baie swaar vandat hierdie Covid-storie uitgebreek het.

Maar ek wil vir jou sê, die Here- kon my nie 'n beter plek in die wêreld gegee het nie. Ek was 22 jaar skriba-kassiere hierbo by die kerk.

My man was seker 'n maand al dood, toe kry ek nog steeds ruikers en goed wat mense vir my bring.

Die skuld lê maar by ons munisipaliteit dat die strate en goed so agteruitgaan. Net vanmôre sê ek vir die vroutjie wat my kom oplaai vir biduur: Nou gooi hulle sand in daai slaggat, net twee voertuie wat vinnig daardeur ry, dan is die sand uit.

Ek het vir hulle gebid vanoggend, vir die munisipaliteit, en vir die Here gevra Hy moet asseblief hulle oë oopmaak.

Jy sien daai staander. Ons sit ons vullissakke daar bo-op. Nou die dag was hier twee groot varke met 13 kleintjies hier in die straat.

Nou kom die beeste en breek die sakke stukkend, dan lê al die vuilgoed op die sypaadjie, en jy moenie dink die munisipaliteit se mense tel dit op nie.

Ag, weet jy, ek wil nie baie krities wees nie, maar die ANC het nie daardie verantwoordelikheidsbesef wat ons gehad het nie.

Toe bel ek die munisipaliteit en sê kan ons nie 'n plan maak met die varke en beeste nie.

Weet jy, hulle sit net die foon eenvoudig in my oor neer.

Ek vertel vir hulle vanmôre by die Bybelstudie voor die Covid begin het, het ek altyd dorp toe geloop na die winkels toe. Dan sê my dogter: Mamma, jy is so oud en jy loop alleen, hulle gaan jou beursie gryp, hulle sal jou pootjie en jou laat val. Dan sê ek vir haar, ek loop nie alleen nie. Die Here loop saam met my. Sover as wat ek loop, bid ek.

Ons deure word nou vreeslik toegesluit met kettings en goed. Ek het nou die dag dit per ongeluk oopgelos. Die aand toe my dogter die honde kos gee, is die deur oop. Toe het ek natuurlik so 'n bietjie raas gekry.

Jong, hier is vyf honde. Hierdie een is Leila, daai een is Vlekkie. Die drie daar agter wat so blaf is die Great Danes: Pixie en Shasha – die ander een noem ons Seun, want hy luister nie na sy ander naam nie.

Eintlik kom ons goed klaar met mekaar hier.

Amos is my buurman. Ek stuur kort-kort vir hom 'n eetdingetjie.

Ek kan eerlikwaar sê ek het daardie vrede in my hart wat alle- verstand te bowe gaan.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/daar-is-vrede-te-vind-in-tannie-joey-se-dorpie-20210528

Brood vir die pad

Luister na bome se preke oor die 'oerwet van lewe'

RRV

Die Duitse skrywer Herman Hesse begin sy meditasie "Bome" – opgeneem in sy bundel Wanderung: Aufzeichnungen (1920); in Engels vertaal as Wandering: Notes and Sketches – met die opmerking: "Bome was nog altyd vir my die mees indringende predikers."

Baie sal by hierdie stelling van Hesse aansluiting kan vind en kan getuig hoe bome in bepaalde oomblikke op 'n diep vlak tot hulle gespreek het.

Dit is daarom te verstane dat bome so sterk as 'n tema in die kuns en die letterkunde funksioneer, asook as 'n simbool en voorwerp vir die geestelike lewe.

En in ons huidige seisoen kan bome se kleurgloed ons eweneens tot verwondering en nadenke stem, met die woorde van Boerneef wat gepas voel: "Die najaar is nou op sy herfsste / die bessieboom se rooi is hartvanrooi."

Vir Hesse – wat ontsag toon vir bome wat digby mekaar in woude en boorde groei, maar meer nog vir alleenstaande bome – is bome heiligdomme. Diegene wat weet hoe om met bome te praat en na hulle te luister, beleef dan ook iets hiervan.

Wat bome preek, skryf Hesse, is nie voorskrifte nie, maar "die oerwet van die lewe".

'n Boom verkondig: "In my is verborge 'n kern, 'n vonk, 'n gedagte: ek is lewe van ewige lewe. Die waagstuk wat die ewige moeder met my geneem het, is uniek . . . Ek leef die geheim van my saad tot die einde toe uit. Ek vertrou dat God in my is. Ek vertrou dat my taak heilig is. Uit hierdie vertroue leef ek."

Ook as ons swaarkry en die eise van die lewe vir ons ondraaglik raak, kan bome vir ons sê: "Wees stil! Kyk na my! Die lewe is nie maklik nie; die lewe is nie moeilik nie . . . Jy is angstig omdat jou pad weg van moeder en huis lei. Maar elke tree lei jou terug na die moeder. Huis is nie hier of daar nie. Huis is in jou."

Vir Hesse is bome kragtige predikers oor temas soos geborgenheid en tuiswees. En sy oordenking van meer as 'n eeu gelede kan steeds as uitnodiging dien om groter oplettendheid jeens bome aan die dag te lê.

In die lig van ons spesifieke omstandighede mag bome weliswaar vir ons iets anders "preek" as wat Hesse destyds ervaar het.

Of ons kan dalk ook tot 'n soortgelyke insig kom as die gedagte waarmee Hesse sy bepeinsing afsluit: "Wie geleer het om na bome te luister wil nie self 'n boom wees nie, maar begeer om niks anders te wees as wat hy of sy ís nie. Dit is huis. Dit is geluk."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-luister-na-bome-se-preke-oor-die-oerwet-van-lewe-20210529

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877